Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

19 Januarie 2020

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE

09:00 OGGENDDIENS
Dr. Braam Krüger
Skriflesing: Matteus 19:13-15 & Markus 9:42-48
Fokusvers: Matteus 19:14
Tema: Bring die kinders!

17:00 LOF-EN AANBIDDINGSDIENS
Ds. Rynhardt Pretorius
Skriflesing: Jakobus 2:14-26
Fokusvers: Jakobus 2:17
Tema: Het jou geloof 'n pols?

18:30 AANDDIENS
Dr. Braam Krüger
Skriflesing: Hebreërs 7:11 -28
Fokusvers: Hebreërs 7:26 & 27
Tema: 'n Heilige Middellaar!

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENSTE.

NA DIE OGGENDDIENS IS ALMAL WELKOM OM 'N KOPPIE TEE/KOFFIE IN DIE SAAL TE GENIET

BESOEKE DEUR PREDIKANTE

Die predikante doen graag huisbesoeke by lidmate wat 'n behoefte het daaraan.
Skakel gerus die predikante direk of kontak Ina Bolt by die kerkkantoor om afsprake met predikante te maak | versoeke vir huisbesoeke vanaf die predikante te reël.

Ina se nommers is 084 339 1136 / 011 849 2054

Gedeelde vreugde is dubbele vreugde;
Gedeelde hartseer is halwe hartseer.
Deel met ons jou vreugdes, hartseer en pyn.
Ons wil graag vir jou bid!

Stuur gerus 'n boodskap aan polsslag@gkbenoni.co.za of stuur 'n boodskap na 081 218 3048

Lief-en-Leed

***Ons doen voorbidding vir die volgende lidmate*:**

MEELEWING:

- Oom Hannes Steyn is in die Linmed nadat hy verlede Vrydag geval het. Hy was in die ICU, maar is oorgeplaas na 'n gewone saal.
- Johan Goosen moes geopereer word nadat 'n spinnekop hom om sy hand en sy kop gebyt het.
- Hendrien van Staden was in die hospitaal opgeneem vir pyn en bloedarmoede. Ons is dankbaar saam met haar dat sy Vrydag ontslaan was, en sterk aan voor haar rugoperasie wat vir Woensdag 25 Januarie geskeduleer is.

GEBEDSFOKUS VIR HIERDIE WEEK

Elke week van die jaar sal daar 'n gebedsfokuspunt wees waarop ons julle uitnooi om elke week voor te bid. Die laaste Maandagaand van elke maand is daar 'n gesamentlike gebedsbyeenkoms (dis aangedui op die kalender), waar die onderwerpe gekonsolideer word.
Hierdie week se gebedfokuspunt is: **Die missionale hart van God en die toekomstige kerk.**
Uitdeelstukkies is op die tafel in die ingangsportaal van die kerk by die gebedshoekie beskikbaar met meer inligting oor die onderwerp, en riglyne om jou te lei in gebed.

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 19 - 26 JANUARIE 2020

DAG	TYD	GELEENTHEID	KONTAKPERSOON
Vandag 19 Jan	09:00 09:00 17:00 18:30	Oggenddiens | Katkisasie gr 1 - 7 Peuterkerk (2 - 4jariges) in die kerkhuis Lof-en Aanbiddingsdiens | Katkisasie gr 8 - 11 Aanddiens	Annece Salomons
Maandag	09:30 19:00	Rynpark 5 Bybelstudie Volwasse kategese	Adri Goede 083 654 4821 Dr. Braam Krüger 082 459 5636
Dinsdag	09:00	Koordineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Woensdag	19:00	Blok A Blokvergadering vir wyksleiers	Evert Bolt 082 446 0794
Donderdag	19:00 19:00	Wyk F1 Bybelstudie vir jong werkendes/studente Verwelkomingsdiensgroep vergader	Peet Duvenage 078 782 2346 Ds. Rynhardt 074 944 7769
Vrydag	06:00 09:00 18:30	Manne gebedsgroep Bybelstudie Bybelse dissipelskap werkswinkel	Schalk van Eeden 082 561 9409 Dr. Braam Krüger 082 459 5636 Ronel Ritchie 081 218 3048
Saterdag	09:00	Bybelse dissipleskap werkswinkel	Ronel Ritchie 081 218 3048
Sondag 26 Jan	09:00 09:00 17:00 18:30	Oggenddiens | Katkisasie gr 1-7 Peuterkerk (2 - 4jariges) in die kerkhuis Lof-en Aanbiddingsdiens | Katkisasie gr 8 - 11 Aanddiens	Annece Salomons

VERJAARSDAE 19 - 25 Januarie

Baie geluk aan almal wat hul verjaarsdae vandag en in die komende week vier!

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
19/01	Adélle von Vollenhoven Nerine van Dyk	087 894 1903 083 440 2634
20/01	Roelof Bezuidenhout Denise Fourie Esti Ackerman	082 643 3838 072 657 2548 082 772 2205
21/01	Christelle Wisser Marco Daüth ☺	071 875 2063
23/01	Helgard Potgieter Peet Duvenage	084 360 9863 078 782 2346
24/01	Diana Langenhoven Maryn Janse v Vuuren * Edwin Calitz	066 030 6318 081 270 9182 076 827 7008
25/01	Magda Schalekamp Theunis Haasbroek	082 411 1968 084 388 1226

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

VOLWASSE KATEGESE
MAANDAE @ 19:00

Ons volwasse kategeseklasse begin eerskomende Maandag (19:00 in die kerkhuis).

Dit is gerig daarop om volwasse persone wat nog belydenis van geloof moet aflê voor te berei vir die groot geleentheid! Dit is dus bedoel vir diegene wat uit ander kerke kom, en nie daar belydenis afgelê het nie, of persone wat wel in die gemeente was maar nog nooit belydenis afgelê het nie. As jy ook net bietjie jou kennis wil opskerp is jy ook welkom. Die mees basiese geloofsake word hanteer, maar ook die belydenisse van ons kerk, en die lidmaat se plek binne die gemeente.

Kontak Braam vir meer inligting (0824595636).

GEMEENTE ADMINISTRASIE

Vertrek met attestaat:

Frik Coetzer na GK Stellenbosch.

SOEK DIE BYBELVERS

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Toe die hemelwesens weer op 'n dag voor die Here kom staan, het die Satan ook tussen hulle voor die Here kom staan. Toe vra die Here vir hom: Waar kom jy vandaan? En die Satan het die Here geantwoord:

" " ?? ??? ??? ?????? ????????? "".

Vraag: Wat het die Satan aan die Here geantwoord?

Lees gerus Job, en noem wat Satan die Here geantwoord het en noem die verse waar dit staan, en SMS die antwoord met jou Naam en Van na 082 873 3173.

Naskrif : Bogenoemde verse kom in meer as een hoofstuk voor.

THE RENEWAL OF BIBLICAL DISCIPLESHIP

Werkswinkel aangebied deur prof Ed Gross

Die werkswinkel is gemik daarop om:

- Jou te help om beter te verstaan wat Bybelse Dissipelskap van jou vereis.
- Jou toe te rus met vaardighede om Bybelse Dissipelskap in jou lewe te laat begin en toe te pas.
- Jou toe te rus met die vaardighede om, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus se bevel, dissipels van God te maak.

Wanneer: 24– 26 Januarie 2020
(Vrydag 24 Jan 18:30 - 20:30,
Saterdag 09:00 - 13:00,
Sondag - 09:00 erediens)

Waar: Gereformeerde Kerk Benoni. 24B Miles Sharp Straat, Rynfield, Benoni

Koste: R60 per persoon betaalbaar op die 24ste Januarie 2020 by registrasie (dit sluit jou inligtingstuk, tee en/koffie en 'n ligte Middagete Saterdag-middag in.

REGISTREER asb. deur jou naam op een van die lyste te skryf of name op te gee by Ina Bolt of Ronel Ritchie.

Registrasie is belangrik vir die voorbereiding van die werksboeke en spysenieringdoeleindes.

Ina Bolt 084 339 1136
Ronel Ritchie 081218 3048

2020 Sustersaamtrek

Die susters van Heidelberg en Nigel nooi u hartlik uit na die sustersaamtrek aan die voet van die Suikerbosrand.

Tema: Intimiteit met God
Spreker: ds. Ronald Bain
Datum: 7 Maart 2020
Tyd: Registrasie vanaf 07:30
Plek: De Pecan Valley
Koste: R150 per persoon

Name & gelde moet asb. by Ina Bolt opgegee word **voor / op** 26 Januarie 2020.

GEBEDSVERSOEKE.

As jy 'n gebedsversoek het, skryf dit gerus op een van die papiertjies wat in die voorportaal van die kerk by die gebedshoekie is neer, en pen dit op die bord vas. Die gebedsdiensgroep neem dan die papiertjies weekliks in, en bid graag saam met jou oor dit wat naby aan jou hart is. Geen name is nodig nie.

Ons onderskryf vyf beginsels van die Reformasie

Aan God alleen die eer
~ Soli Deo Gloria

Deur Christus alleen
~ Solo Christo

Slegs deur genade
~ Sola Gratia

Slegs die Skrif
~ Sola Scriptura

Slegs deur geloof
~ Sola Fide



BETROUBARE TUINMAN SOEK WERK.

Jacob werk reeds 24 jaar vir ons en is my regterhand. Van sy vorige werkgewers het verhuis en een is oorlede.
Skakel my gerus as jy 'n tuinman nodig het.
Groete
Schalk van Eeden 082 561 9409

WERKSOEKENDE DAME

Diedere van Wyk is dringend op soek na werk.
As jy wil weet wat haar vaardighede is kontak Diedere van Wyk op 074 096 2578

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Pieter Venter
Volgende week	Ronel Ritchie
TEESKINKBEURTE	
Vandag	Wyk A1
Volgende week	Springs wyk

KOLLEKTES

KOLLEKTES VAN: 12 Januarie

Diens van Barmhartigheid: R
GKSA Sustentasie: R

KOLLEKTES VANDAG:
Kollekte onder die diens: Diens van Barmhartigheid
Deurkollekte: Teologiese bibfonds

Deurkollektes vir **26 Januarie : Kerkkas**

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle **Naam, Van & Doel**

Diens van Barmhartigheid

Teologiese bibfonds

PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

VRA JOU VRAE:
https://goo.gl/WFtT3F